

**24 Augustus**

**Skrifgedeelte: Filippense 2:1-8**  
**Fokusgedeelte: Filippense 2:1 (1933/53-vertaling)**

**Gemeenskap deur die Gees lei tot ... dink aan mekaar se belange**

Een van die grootste gevare wat die kerk vandag in die oë staar, is dit wat van binne af kom, naamlik verdeeldheid. In Handeling 2 lees ons van die gelowiges wat saam gestaan het en ook saam in die geloof gegroei het. Dit is die wil van Christus dat gelowiges eensgesind is (Rom. 15:5-7). Die fondasie van eensgesindheid kry ons ook in die eenheid wat Jesus van sy Vader in Johannes 17:21 bid. Ons is almal deel van Christus se liggaam, omdat ons deur Christus se bloed en die Heilige Gees aan mekaar verbind is, en daarom is dit belangrik om die wil van Christus te doen.

Die probleem is dat elkeen van ons geneig is om ons eie belange te na te jaag. Ons het opinies en ons eie idees van hoe dinge moet werk of verloop. Ons fokus op ons eie behoeftes en dit kan soms verdeeldheid in die kerk veroorsaak.

God roep ons elkeen om waardig die evangelie van Christus te wandel (Fil. 1:27). Dit beteken om soms jou eie belange eenkant toe te skuif en om diensbaar te wees. Jesus Christus was die perfekte voorbeeld vir ons. Hy was gehoorsaam aan sy Vader tot die dood toe. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem. Slegs wanneer ons by Jesus leer (Matt. 11:29), sal ons fokus weggaan van onself en sal ons dink aan mekaar se belange. Ons sal nie meer in selfsug optree nie, maar sal ander ook in ag neem. Ons sal omgee, mekaar met die liefde van God bedien wat ons in Christus het, en ons sal mekaar ter wille van die eenheid van die kerk dien.

Mag ons elke dag opnuut bid dat ons in Christus se voetstappe kan volg en mekaar met die liefde van die Vader bedien. Wanneer ons mekaar se belange op ons harte dra, word die eenheid van die kerk net sterker en lewe ons waardig die evangelie van Christus.

*Psalm 119:39 (1936)*

*Teologiese Student DFC Kruger*